Mediaverklaring: Minister loof munisipaliteit vir dorpsgradering

Theewaterskloof Munisipaliteit het onlangs ’n funksie in Caledon gehou waartydens die uitslag van ’n evaluering van sy dorpe bekend gemaak en sertifikate en vlae aan dorpe toegeken is.

Die gasspreker by die geleentheid, Minister Anton Bredell Minister van Departement Plaaslike Regering, Beplanning en Omgewingsake in die Wes-Kaap het tydens die funksie gesê dat hoewel daar nie na die ou munisipale struktuur van kleiner owerheidsgebiede teruggekeer kan word nie, desentralisasie van sekere munisipale funksies na dorpe, dienslewering versterk en die demokrasie verbreed.

Bredell het Theewaterskloof Munisipaliteit geloof vir ‘n bereidwilligheid om hulself ten opsigte van dienslewering te meet. Hy meen die evaluering van prestasies is ’n puik meganisme om sterkpunte en bedreigings ten opsigte van dienslewering te identifiseer en munisipale vermoëns met publieke verwagtinge te trou.

Meneer Stan Wallace, Munisipale Bestuurder, het gesê die evaluering meet dorpe se prestasies aan die hand van korporatiewe- en kliëntestandaarde asook verwagtinge van inwoners. Hy is van mening dat die evaluering bydra om diensstandaarde vir dorpskantore te ontwikkel ten einde effektiewe funksionering en dienslewering te bevorder; interaksie en samewerking tussen dorpskantore en gemeenskappe, ter wille van kliëntetevredenheid te bevorder; munisipale verantwoordbaarheid aan die publiek te verhoog; ongesonde kompetisie tussen dorpskantore te verhoed; en die effektiwiteit van dorpskantore as korporatiewe implementeringsagente deur middel van erkenning en toekennings aan te moedig.

Hy sê die evaluering is deur ’n span kundiges van die owerheid se onderskeie direktorate gedoen en dat die Uitvoerende Burgemeester en Komitee, ’n lid van die opposisie, die Munisipale Bestuurder en die voorsitter van die portefeulje, die finale gradering gedoen het.

Die evaluering het gefokus op die voorkoms van dorpe, kliëntetevredenheid en –verwagtinge, dienslewering, die funksonering van wykskomitees, die stand van infrastruktuur, rolspelerbestuur, wetstoepassing en finansiële bestuur.

Die vlak van die dorpe se dienslewering ten opsigte van die kategorië is met kleure aangedui: goud vir meer as 80%, silwer vir 70% - 79%, groen vir 60% - 69%, geel vir 50% - 59% en rooi vir minder as 50%.

Sertifikate is vir kategorië toegeken, terwyl ’n vlag per dorp toegeken is. ’n Vlag simboliseer die algemene vlak van al die kategorië in ’n dorp. Vir dorpsvoorkoms en ondersteuning aan die GOP-proses het Caledon onderskeidelik geel en groen ontvang. Vir kliënte tevredenheid het Grabouw en Greyton/Genadendal groen en Riviersonderend silwer ontvang. Caledon is met groen vir dienslewering beloën. In die afdeling vir wykskomitees het Greyton/Genadendal (groen) en Caledon (silwer) verwerf. Villiersdorp is met groen vir rolspelerbestuur vereer en Caledon en Grabouw met silwer. Vir wetstoepassing is Riviersonderend en Grabouw met silwer en Caledon met goud vereer. In die afdeling finansiële bestuur het Villiersdorp en Riviersonderend goud en Greyton, Grabouw en Caledon silwer verwerf. Vir die stand van infrastruktuur het Caledon silwer verwerf.

Algeheel, is Caledon met silwer vereer, Grabouw en Riviersonderend met groen en Greyton/Genadendal en Viliersdorp met geel.

Uitvoerende Burgemeester, Raadsheer Chris Punt het die administrasie geprys vir die evaluerings inisiatief en het gesê dat prestasies in moeilike omstandighede behaal is. Hy het gesê die migrasie van mense na die munisipale gebied is demokraties reg, maar dat dit uitsonderlike eise aan munisipale dienslewering en behuising stel. Hy het suksesse met die GOP en plaaslike ekonomiese ontwikkeling as ’n voorvereiste vir werkskepping en vooruitgang bestempel. “Ons dorpskantore en –besture het ’n kritiese rol in die verband en hulle is besig om hul te rat vir die uitdagings”, het hy gesê.

Uitgereik deur die kantoor van die Munisipale Bestuurder
Theewaterskloof Munisipaliteit
9 Oktober 2009